BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA.

# OFFICIAL GAZETTE
EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

*UITGAWE OP GESAG.* *PUBLISHED BY AUTHORITY.*

1/- Donderdag, 4 Augustus 1955. WINDHOEK Thursday, 4th August, 1955. No. 1933.

INHOUD

*Bladsy*

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS—

No. 252. Ordonnansie 1955: Uitvaardiging van . 843

No. 253. Regulasies op Landmeting . . . . 844

CONTENTS

*Page*

GOVERNMENT NOTICES—

No. 252. Ordinance, 1955: Promulgation of . . 843

No. 253. Land Survey Regulations . . . . 844

## Goewermentskennisgewings.

Die volgende Goewermentskennisgewings word vir algemene inligting gepubliseer.

J. NESER,
*Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

No. 252.] [4 Augustus 1955.

ORDONNANSIE, 1955: UITVAARDIGING VAN.

Dit het die Administrateur behaag om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel *twee-en-dertig* van „De Zuid-west-Afrika Konstitutie Wet 1925" (Wet 42 van 1925), aan die volgende Ordonnansie wat hiermee vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel *vier-en-dertig* van gemelde Wet:—

| *No.* | *Titel.* | *Bladsy.* |
|---|---|---|
| 36. | Wysigingsordonnansie 1955 op die „Additionele Landmeting Proklamatie 1920" . . . . | 844 |

## Government Notices.

The following Government Notices are published for general information.

J. NESER,
*Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 252.] [4th August, 1955.

ORDINANCE, 1955: PROMULGATION OF

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section *thirty-two* of the South-West Africa Constitution Act, 1925 (Act No. 42 of 1925), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section *thirty-four* of the said Act:—

| *No.* | *Title.* | *Page.* |
|---|---|---|
| 36. | Additional Land Survey Proclamation Amendment Ordinance, 1955 . . . . . . | 844 |

No. 36 van 1955.]

# ORDONNANSIE

Ter wysiging van die wet op landmeting.

*(Goedgekeur 19 Julie 1955.)*
*(Engelse teks deur die Administrateur geteken.)*

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

1. Sub-artikel (a) van artikel *agt-en-twintig* van die „Additionele Landmeting Proklamatie 1920" (Proklamasie 78 van 1920) word hierby gewysig deur die vervanging van die woorde „, voor het Goevernement" deur die woorde „de aanstelling van een taxeer meester".

2. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie 1955 op die „Additionele Landmeting Proklamatie 1920".

No. 36 of 1955.]

# ORDINANCE

To amend the law relating to the survey of land.

*(Assented to 19th July, 1955.)*
*(English text signed by the Administrator.)*

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Sub-section (a) of section *twenty-eight* of the "Additional Land Survey Proclamation, 1920" (Proclamation 78 of 1920), is hereby amended by the substitution of the words ", the appointment of a taxing officer", for the words "for the Government".

2. This Ordinance shall be called the Additional Land Survey Proclamation Amendment Ordinance, 1955.

---

No. 253.] [4 Augustus 1955.

Dit het die Administrateur behaag om kragtens en ingevolge die bevoegdheid hom verleen by artikel 28 (a) van die „Additionele Landmeting Proklamatie 1920" (Proklamasie 78 van 1920) soos gewysig by artikel 1 van die Wysigingsordonnansie 1955 op die „Additionele Landmeting Proklamatie 1920" (Ordonnansie 36 van 1955) die onderstaande regulasies af te kondig:—

1. Die Landmeter-generaal van Suidwes-Afrika oefen by geskille al die funksies van 'n takseermeester van die hof uit ten opsigte van die gelde wat landmeters moet vra vir die verskeie dienste wat die Proklamasie of die regulasies aan hulle opdra of veroorloof. Nadat albei geskilvoerendes daartoe toegestem het, kan die Landmeter-generaal die funksies wat hierdie regulasie aan hom opdra, oordra aan die president of voorsitter van die instituut of vereniging wat die landmeters in Suidwes-Afrika verteenwoordig.

2. Die ampsgelde vir die taksering van 'n landmeter se rekening is -/6d. vir elke £1, of breuk daarvan, met 'n minimale aanslag van 10/6d.

3. Die geldetarief vir opmetings wat in die bylae hiervan staan, moet aan landmeters betaal word vir opmetings wat hulle gedoen het: Met dien verstande dat die Landmeter-generaal in spesiale omstandighede 'n verhoging van die gelde wat die bylae aangee, ten opsigte van kroon- of regeringsopmetings kan goedkeur.

BYLAE.

TARIEFINDELING.

*Basiese Tarief.*

1. Basiese-groottetarief.

*Bykomende vorderings.*

2. Ekstra grense.
3. Langwerpigheid.
4. Resterende gedeelte.
5. Bepaling van gegewe grootte.
6. Verbindings:—
   (a) Alleenstaande figure (regulasie 57 (a)),
   (b) Ander figure (regulasie 57 (b)),
   (c) Oorspronklike opmeting op driehoekstelsel (regulasie 57 (c)).
7. Kromlynige grense:—
   (a) Sirkelvormig,
   (b) Onreëlmatig —
      (i) Hoogwatermerk van die see,
      (ii) Ander.
   (c) Inligting verkry van vorige opmetings.
8. Kaarte:—
   (a) Sonder koördinate,
   (b) Met koördinate,
   (c) Konsolidasies,
   (d) Afdrukke.

No. 253.] [4th August, 1955.

The Administrator has been pleased under and by virtue of the powers in him vested by section 28 (a) of the Additional Land Survey Proclamation of 1920 (No. 78 of 1920) as amended by Section 1 of the Additional Land Survey Proclamation Amendment Ordinance of 1955 (No. 36 of 1955), to make the following regulations:—

1. The Surveyor General of South West Africa shall excercise, in case of dispute, all the functions of a taxing officer of the court in relation to fees charged by surveyors for performing the several acts which are permitted or required under the Proclamation or the regulations. The Surveyor General may upon the consent of both parties to the dispute being obtained, depute the functions assigned to him under this regulation to the president or chairman of the institute or association, representing the surveyors in South West Africa.

2. The fee of office for taxing the account of a surveyor shall be -/6 for each £1 or fraction thereof with a minimum fee of 10/6.

3. The tariff of survey charges mentioned in the schedule hereto annexed shall be payable to land surveyors for surveys carried out by them, provided that in special circumstances for Crown or Government Surveys, the Surveyor General may approve an increase in the charges specified in the said schedule.

SCHEDULE.

DIVISION OF TARIFF.

*Basic Charge.*

1. Basic Area Charge.

*Additional Charges.*

2. Additional boundaries.
3. Elongation.
4. Remaining extent.
5. Defining a given area.
6. Connection:—
   (a) Isolated figures (regulation 57 (a)),
   (b) Other figures (regulation 57 (b)).
   (c) Original survey on trigonometrical system (regulation 57 (c)).
7. Curvilinear boundaries:—
   (a) Circular,
   (b) Irregular —
      (i) High water mark of the sea.
      (ii) Other.
   (c) Information obtained from previous surveys.
8. Diagrams:—
   (a) Without co-ordinates,
   (b) With co-ordinates,
   (c) Consolidations,
   (d) Prints.

9. Algemene planne.
10. Reis.
11. Vervoer:—
    (a) Met landmeter se eie vervoermiddel.
    (b) Met openbare vervoermiddels.
12. Bykomende reise.
13. Verblyfkoste.
14. Gemeng.

## TARIEF.

### *Basiese Tarief.*

1. *Basiese-groottetarief.* — Die koste van die opmeting van stukke grond wat in dieselfde opmeting ingesluit en gelyktydig opgemeet is, wat hoogstens ses grense het, en wat geldc vir die volgende insluit:—

(a) Die verskaffing van die meetstukke wat regulasie 29 voorskryf;

(b) die verskaffing van alle verslae en sertifikate wat die wette en regulasies voorskryf;

(c) die verskaffing van kaarte in drievoud en algemene planne in die vorm en hoeveelheid wat registrasie vereis;

(d) die verskaffing en oprigting van nuwe bakens, versekeringsmerke en aanduidingspenne.

| *Grootte* | *Stukke grond, vir elk van —* | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 of 3. | 4 of 5. | 6 of 7. | 8 of 9. | 10 en meer |
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 4,000 vk.m. en minder | 20 | 16 | 15 | 14 | 13 | 12 |
| Oor 4,000 vk.m. tot 1 Ha. | 21 | 17 | 16 | 15 | 14 | 13 |
| Oor 1 Ha. tot 2 Ha. | 22 | 18 | 17 | 16 | 15 | 14 |
| Oor 2 Ha. tot 5 Ha. | 24 | 20 | 19 | 18 | 17 | 16 |

| | *Stukke grond, vir elk van —* | |
|---|---|---|
| | 1. | 2 en meer |
| | £ | £ |
| Oor 5 Ha. tot 10 Ha. | 28 | 23 |
| Oor 10 Ha. tot 15 Ha. | 30 | 25 |
| Oor 15 Ha. tot 20 Ha. | 31 | 26 |
| Oor 20 Ha. tot 30 Ha. | 33 | 28 |
| Oor 30 Ha. tot 40 Ha. | 34 | 29 |
| Oor 40 Ha. tot 50 Ha. | 36 | 30 |
| Oor 50 Ha. tot 75 Ha. | 38 | 32 |
| Oor 75 Ha. tot 100 Ha. | 41 | 34 |
| Oor 100 Ha. tot 150 Ha. | 44 | 37 |
| Oor 150 Ha. tot 200 Ha. | 47 | 39 |
| Oor 200 Ha. tot 250 Ha. | 50 | 42 |
| Oor 250 Ha. tot 300 Ha. | 53 | 44 |
| Oor 300 Ha. tot 350 Ha. | 56 | 46 |
| Oor 350 Ha. tot 400 Ha. | 58 | 48 |
| Oor 400 Ha. tot 500 Ha. | 61 | 51 |
| Oor 500 Ha. tot 600 Ha. | 64 | 54 |
| Oor 600 Ha. tot 700 Ha. | 67 | 57 |
| Oor 700 Ha. tot 800 Ha. | 70 | 60 |
| Oor 800 Ha. tot 900 Ha. | 73 | 62 |
| Oor 900 Ha. tot 1,000 Ha. | 76 | 64 |
| Oor 1,000 Ha. tot 1,250 Ha. | 80 | 67 |
| Oor 1,250 Ha. tot 1,500 Ha. | 84 | 70 |
| Oor 1,500 Ha. tot 1,750 Ha. | 88 | 73 |
| Oor 1,750 Ha. tot 2,000 Ha. | 91 | 76 |
| Oor 2,000 Ha. tot 2,500 Ha. | 94 | 79 |
| Oor 2,500 Ha. tot 3,000 Ha. | 98 | 82 |
| Oor 3,000 Ha. tot 3,500 Ha. | 102 | 85 |
| Oor 3,500 Ha. tot 4,000 Ha. | 106 | 88 |
| Oor 4,000 Ha. tot 5,000 Ha. | 111 | 92 |
| Oor 5,000 Ha. tot 6,000 Ha. | 116 | 96 |
| Oor 6,000 Ha. tot 7,000 Ha. | 120 | 100 |
| Oor 7,000 Ha. tot 8,000 Ha. | 124 | 104 |
| Oor 8,000 Ha. tot 9,000 Ha. | 128 | 107 |
| Oor 9,000 Ha. tot 10,000 Ha. | 132 | 110 |

9. General Plans.
10. Travelling.
11. Transport:—
    (a) By surveyors own conveyance.
    (b) By public conveyance.
12. Additional journeys.
13. Subsistence.
14. Miscellaneous.

## TARIFF OF FEES.

### *Basic Charge.*

1. *Basic area charge.* — The fees for the survey of pieces of land included in the same survey, surveyed at the same time and having not more than six boundaries, which shall include the charge for:—

(a) the supply of survey records as prescribed in regulation 29;

(b) the supply of all reports and certificates prescribed in the laws and regulations;

(c) the supply of diagrams, in triplicate, and general plans in such form and number as may be required for registration; and

(d) the supply and erection of new beacons, reference and witness marks; shall be:—

| *Area* | *Pieces of land for each of* | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 or 3, | 4 or 5, | 6 or 7, | 8 or 9, | 10 or more |
| | £ | £ | £ | £ | £ | £ |
| 4,000 square metres or under | 20 | 16 | 15 | 14 | 13 | 12 |
| Over 4,000 sq. metres to 1 Hectare | 21 | 17 | 16 | 15 | 14 | 13 |
| Over 1 Hectare to 2 Hectares | 22 | 18 | 17 | 16 | 15 | 14 |
| Over 2 Hectares to 5 Hectares | 24 | 20 | 19 | 18 | 17 | 16 |

| | *Pieces of land for each of —* | |
|---|---|---|
| | 1 | 2 or more |
| | £ | £ |
| Over 5 hectares to 10 hectares | 28 | 23 |
| Over 10 hectares to 15 hectares | 30 | 25 |
| Over 15 hectares to 20 hectares | 31 | 26 |
| Over 20 hectares to 30 hectares | 33 | 28 |
| Over 30 hectares to 40 hectares | 34 | 29 |
| Over 40 hectares to 50 hectares | 36 | 30 |
| Over 50 hectares to 75 hectares | 38 | 32 |
| Over 75 hectares to 100 hectares | 41 | 34 |
| Over 100 hectares to 150 hectares | 44 | 37 |
| Over 150 hectares to 200 hectares | 47 | 39 |
| Over 200 hectares to 250 hectares | 50 | 42 |
| Over 250 hectares to 300 hectares | 53 | 44 |
| Over 300 hectares to 350 hectares | 56 | 46 |
| Over 350 hectares to 400 hectares | 58 | 48 |
| Over 400 hectares to 500 hectares | 61 | 51 |
| Over 500 hectares to 600 hectares | 64 | 54 |
| Over 600 hectares to 700 hectares | 67 | 57 |
| Over 700 hectares to 800 hectares | 70 | 60 |
| Over 800 hectares to 900 hectares | 73 | 62 |
| Over 900 hectares to 1,000 hectares | 76 | 64 |
| Over 1,000 hectares to 1,250 hectares | 80 | 67 |
| Over 1,250 hectares to 1,500 hectares | 84 | 70 |
| Over 1,500 hectares to 1,750 hectares | 88 | 73 |
| Over 1,750 hectares to 2,000 hectares | 91 | 76 |
| Over 2,000 hectares to 2,500 hectares | 94 | 79 |
| Over 2,500 hectares to 3,000 hectares | 98 | 82 |
| Over 3,000 hectares to 3,500 hectares | 102 | 85 |
| Over 3,500 hectares to 4,000 hectares | 106 | 88 |
| Over 4,000 hectares to 5,000 hectares | 111 | 92 |
| Over 5,000 hectares to 6,000 hectares | 116 | 96 |
| Over 6,000 hectares to 7,000 hetaresc | 120 | 100 |
| Over 7,000 hectares to 8,000 hectares | 124 | 104 |
| Over 8,000 hectares to 9,000 hectares | 128 | 107 |
| Over 9,000 hectares to 10,000 hectares | 132 | 110 |

L.W.—Die tariewe voorgeskryf in paragrawe 8 en 9 sluit nie 'n vordering vir die versameling en berekening van gegewens in nie, waarvoor vordering ooreenkomstig paragraaf 14 hiervan moet geskied.

10. *Reis.* — Vir die tyd wat noodsaaklik bestee word aan die reis van die standplaas van 'n landmeter af of van die plek af waar hy laas werksaam was na die grond wat opgemeet moet word en terug, of verder na ander werk, moet £2.5.0 per uur gevra word; met dien verstande dat as openbare vervoer benut word, reiskoste vir hoogstens 8 uur per dag gevra mag word.

11. *Vervoer* —

(a) *Met landmeter se eie vervoermiddel.* — As 'n landmeter sy eie vervoer verskaf, moet hy 1/- per myl vra, met dien verstande dat, behalwe soos paragraaf 14 hiervan voorskryf, hy geen betaling vir die gebruik van sy eie vervoer by die opmeting mag vra nie.

(b) *Met openbare vervoermiddels.* — As openbare vervoermiddels gebruik word, moet die koste verbonde aan die vervoer van die landmeter, sy assistent en sy arbeiders na die werk en terug gevra word.

12. *Bykomende reise.* — Uitgesonderd die bepalings van paragraaf 13 hiervan, is reis- en vervoerkoste net betaalbaar ten opsigte van een reis na, en een reis terug van, die terrein van die opmeting, tensy daar gegronde redes bestaan vir spesiale reise.

13. *Verblyfkoste.* — As 'n landmeter met 'n opmeting weg van sy standplaas besig is en die kliënt verskaf nie verblyf gratis op die terrein van die opmeting nie, moet die landmeter verblyfkoste teen £1.10.0 per dag vir homself en 7s. 6d. per dag vir elk van sy arbeiders, of vervoer- en reisuitgawes heen en terug tussen sy standplaas en die opmetingsterrein wat ook al die goedkoopste is, in rekening bring, met dien verstande dat as die kliënt verblyf gratis op 'n ander plek as die opmetingsterrein verskaf, reis- en vervoeruitgawes heen en terug tussen sodanige plek en die opmetingsterrein in rekening gebring moet word.

14. *Gemeng.* — Vir professionele werk wat nie elders in hierdie tarief genoem word nie, is die gelde —

(a) vir die landmeter onderwyl hy sodanige werk verrig, £2.5.0 per uur; met dien verstande dat as die werk waarmee die landmeter besig is, meer as een dag in beslag neem, die gelde wat ingevolge hierdie deel van die tarief gevra moet word, na die eerste dag nie £10 vir 'n enkele dag mag oorskry nie;

(b) vir die vervoer wat die landmeter self verskaf, 1/- per myl;

(c) vir die bedrag van uitgawes aan bakenmateriaal; en

(d) die werklike koste aan noodsaaklike arbeid.

---

4. Hierdie tarief geld nie vir opmetings in verband met die registrasie van myntitels nie.

5. Goewermentskennisgewing 76 van 1 Mei 1939 word hierby ingetrek.

N.B.—The charges prescribed in paragraph 8 and 9 do not include charges for the compilation and calculation of data, which latter charges shall be in accordance with paragraph 14 hereof.

10. *Travelling.* — A charge for the time necessarily occupied in travelling from a surveyor's headquarters or from the place where last employed, to the land to be surveyed and back again, or onwards to other work, shall be made at the rate of £2.5.0 per hour, provided that if travelling is done by public transport, the maximum time for which a travelling charge may be made shall by 8 hours per diem.

11. *Transport:*—

(a) *By Surveyor's own Conveyance.* — When a surveyor provides his own transport, he shall make a charge of 1/- per mile, provided that, except as prescribed in paragraph 14 hereof, no charge shall be made for the use of his transport in performing the survey.

(b) *By Public Conveyance.* — When public transport is used a charge for the cost of transporting the surveyor, his assistant and his labourers to the work or back, shall be made.

12. *Additional Journeys.* — Except as provided for in paragraph 13 hereof, travelling and transport charges shall be payable in respect of only one forward and one backward journey to and from the site of the survey unless there are substantial reasons for making special journeys.

13. *Subsistence.* — A land surveyor engaged on a survey away from his headquarters shall, when free accommodation is not provided by the client at the site of the survey, charge either subsistence, at the rate of £1.10.0 per day for himself and 7/6 per day each for his labourers, or travelling and transport expenses to and fro between his headquarters and the survey whichever is the lesser, provided that when free accommodation is provided by the client at a place other than the site of the survey, travelling and transport expenses to and fro between such place and the site of the survey shall be charged.

14. *Miscellaneous.* — A charge for professional work, not specified elsewhere in this tariff, shall be made as follows:—

(a) for the surveyor whilst engaged on such work, £2.5.0 per hour; provided that if the work on which the surveyor is engaged occupies more than one day the rate payable in terms of this part of the tariff shall not after the first day exceed £10 in respect of any one day;

(b) for transport supplied by the surveyor 1/- per mile;

(c) the amount of disbursements for beacon material; and

(d) the actual costs of labour necessarily employed.

---

4. This tariff shall not apply to surveys for the registration of mining title.

5. Government Notice No. 76 of the 1st May 1939 is hereby repealed.

Gedruk in Suidwes-Afrika deur
Printed in South West Africa by John Meinert (Pty) Ltd., Windhoek